



ENGLISH TEXT BELOW

MAANDELIKSE NUUSBRIEF: APRIL 2021

Hierdie nuusbrieff word aan u gerig as lid van die Hoëveld Sindikasie Aksiegroep (“HSAG”) op grond van u belegging in die Highveld Sindikasiemaatskappye 15-22 en/of u ondersteuning van die HSAG.

Hierdie e-pos is vertroulik en uitsluitlik vir die geadresseerde bedoel. As u dit per ongeluk / verkeerdlik ontvang het, stel asseblief die versender onmiddellik in kennis by hsagenquiries@gmail.com en vernietig dit. U mag nie 'n e-pos, of enige deel daarvan, wat foutiewelik ontvang aan enigiemand anders stuur, kopieer of openbaar nie. HSAG se webmeester gebruik antivirusprogrammatuur om virusse en ander kwaadwillige kodes te voorkom. Hierdie sagteware kan egter nie so 'n kode altyd voorkom of uitwis nie. Die HSAG of sy verteenwoordigers sal nie aanspreeklik wees vir enige verlies of skade wat voortspruit uit ontvangs of gebruik van hierdie e-pos of andersins, of dit voortspruit uit die nalatigheid van HSAG, sy lede, bestuurskomitee en agente of andersins nie.

Alhoewel e-posse, HSAG Nuusflitse en HSAG Inligtingsbrokkies van tyd tot tyd uitgestuur word, is die www.hsaction.co.za webtuiste die primêre plek waar u HSAG inligting, onderhewig aan die vrywaring daarin vervat (en ook hierop van toepassing) kan bekom.

Die verpligting rus op u as HSAG lid om ons op hoogte van enige veranderinge van u persoonlike en/of kontakbesonderhede asook dat die inhoud van u maandelikse state korrek is.

HSAG AMPTELIKE NUUSBRIEF – INHOUDSOPGAWE

1. INLEIDING
2. HS 21 & 22 CCAF EN OPBETAALDE HSAG LEDE SPERDATUM VAN 30 APRIL 2021
3. SERTIFISERINGSPROSES
4. HS21B BELEGGERS
5. SIVIELE TEENoor STRAFREGELIKE PROSEDURES
6. HSBF BRIEF VAN 7 APRIL 2021
7. BELANGRIK: GEBRUIK VAN DIE KORREKTE E-POS ADRESSE
8. BELANGRIKE ALGEMENE TERME EN VOORWAARDES

1. INLEIDING

Hierdie was 'n baie besige maand vir die HSAG en sy regsplan.

Die HSAG Regspan, in samewerking met die bestuurskomitee, het onvermoeid gewerk om die verklarings wat die Georgious en Hans Klopper in die DECA-aangeleentheid geliasseer het, te lees en te ondersoek. Hierdie verklarings, tesame met lywige bylaes, bevat honderde bladsye. Die regsplan het saam met die bestuurskomitee baie doeltreffend gefunksioneer en ons het aansienlike vordering gemaak.

Die CCAF-aangeleentheid het ook vorentoe beweeg en ons het die eerste en derde tot vyfde respondente se antwoordende verklarings ontvang met betrekking tot ons teeneis in die reël 30 (1) verrigtinge. Die inhoud van hierdie dokument word hieronder meer volledig bespreek.

Benewens die bogenoemde aangeleenthede, is die regsplan van mening dat dit van hulp sal wees om in hierdie maand se nuusbrief die stappe uiteen te sit wat gevolg moet word in klas-aksies. Byvoorbeeld die proses van sertifisering: wat behels dit en waarom is dit so 'n langdurige proses? Sommige beleggers wonder steeds wat die rol van die Valke in die HSAG en CCAF is. Daarom sal ons kortliks bespreek wat die verskil is tussen siviele en strafregtelike prosedures. Ons sal ook 'n oorsig gee van die HS21B-groep beleggers. Ons glo dat lesers van die nuusbrief 'n waardevolle insig sal kry in die regsprosedures waaraan ons moet voldoen, deurdat ons hierdie regsprosesse meer volledig uiteen gaan sit.

Ten slotte hoop ons dat almal gesond en opgewonde is vir die terugkeer na normaliteit na afloop van die verwoestende gevolge van die pandemie.

2. HS 21 & 22 CCAF EN OPBETAALDE HSAG LEDE SPERDATUM VAN 30 APRIL 2021

Die HSAG bestuur wil graag HSAG lede wat ook deel is van CCAF herinner van die sperdatum om opbetaal te wees teen 30 April 2021. Hierdie lede sal 'n verligting ontvang met betrekking tot hul CCAF opvraging vir 2021 as 'n gebaar van waardering vir die jare

se bydraes om die HSAG en CCAF aangeleentede op hierdie gevorderde stadiums te kry. Die getal opbetaalde HSAG lede sal aanduidend wees watter verligting verleen kan word.

3. SERTIFISERINGSPROSES

Dit is algemeen bekend dat CCAF 'n gesertifiseerde klas-aksie is. Ons het navrae ontvang oor wat dit presies behels en waarom dit so 'n belangrike stap in 'n klas-aksie is. Volgens die Suid-Afrikaanse wetgewing moet verlov van die hof verkry word om 'n klas-aksie in te stel, wat die sertifisering van die klas tot gevolg het.

Sertifisering is dus 'n integrale deel van ons klas-aksie - en inderdaad elke klas-aksie - en is dit dus 'n baie tydrowende proses. Daarom was die verkryging van sertifisering in die CCAF-uitspraak so 'n oorwinning vir beleggers sowel as die regsplan.

Die HSAG se DECA-aangeleentheid is nog in die proses om gesertifiseer te word. Tans is ons regsplan besig om verklarings en ander regsdokumente uit te ruil, met die doel om sertifisering so gou as moontlik te verwerf.

Tolmay J het in die versnelde aansoek verwys na *Children's Resource Center Trust and Others v Pioneer Food (Pty) Ltd & Others*, waar die faktore wat oorweeg moet word in geval van 'n voorgestelde klasaksie effektief uiteengesit is. Volgens die uitspraak vereis sertifisering eerstens die definisie van 'n klas; tweedens die identifisering van een of ander algemene eis of saak wat deur middel van 'n klasaksie bepaal kan word; derdens: 'n bewys dat daar 'n geldige eisorsaak bestaan; vierdens moet die hof oortuig wees dat die verteenwoordiger geskik is om die lede van die klas te verteenwoordig; en laastens moet die hof oortuig wees dat 'n klasaksie die geskikste prosedure is vir die aanhoor van die onderliggende eise. Tolmay was van mening dat die CCAF-aansoek aan al hierdie vereistes voldoen het en verwys ook na die regsplan se "commitment to and ability to conduct the litigation".

Theron & Vennote vra 'n soortgelyke uitspraak in die DECA-aangeleentheid aan. As ons die hof kan oortuig dat ons aan die bogenoemde vereistes voldoen, soos wat ons in die CCAF-saak gedoen het, sal ons gesertifiseer word. As dit gebeur, sal ons sterk op pad wees om 'n suksesvolle geding te voer. Sodra 'n klas gesertifiseer is, sal die

aangeleentheid deur middel van 'n verhoorproses voortgeset word. Dit is wat die respondente poog om te verhoed.

Ons hoop dat bogenoemde enige vrae wat u mag gehad het uitklaar.

4. HS21B BELEGGERS

Hierdie groep beleggers is van die begin af aan deur mnr. Georgiou, en daarna deur mnr. Hans Klopper, beskou as deel van die HS 21-22 groep. Die jongste optrede van Georgiou is egter om 'n wig te plaas tussen hulle en die res van die beleggers. Die totale waarde van die HS21B-belegging is minder as 3% van die totale waarde van die HS15 - 22 beleggers se belegging. Die HSAG en sy regsman sal alles in hul vermoë doen om die HS21B beleggers deel te hou van die HSAG- en CCAF-sertifiseringsproses. Ons het verskeie navrae rakende hierdie groep ontvang. Daar is dus besluit om aan lesers 'n uittreksel uit een van ons onlangse hofstukke te gee. Hierdie groep is as volg beskryf in paragraaf 2.1 van ons (voorwaardelike) teenaansoek op die reël 30 (1) -aansoek - (Tweede) Versnelde aansoek - van HS21B-beleggers se alternatiewe eise:

“...investors who have bought ‘oversold’ shares from Zephan Properties (Pty) Ltd (‘Zephan’) in either Highveld Syndication no 21 Ltd or Highveld Syndication no 22 Ltd (which shares were not initially subscribed to by members of the public and then purported to be taken up by Zephan)”

Hierdie groep is onder die soeklig en aanvalle deur die opposisie se regsman en vorm die basis van die eerste en derde tot vyfde respondente se antwoordende verklarings: teenaansoek in die reël 30 (1) verrigtinge. Die respondente voer aan dat hierdie groep nie deel van die gesertifiseerde klas-aksie moet wees nie. Die HSAG se regsman is tans in die proses om die repliserende stukke aangaande hierdie onderwerp af te handel. Almal het nog altyd, en hou ook voort, om aan te voer dat hierdie groep deel uitmaak van die HS21-groep – en ons glo dat dit die regte benadering is. Desondanks het ons 'n gebeurlikheidsplan in plek waar die hof gevra sal word om te bevestig dat hierdie groep, indien nodig, in die Versnelde-aansoek ingesluit word, alhoewel ons dit nie as streng nodig ag nie.

5. SIVIELE TEENOOR STRAFREGELIKE PROSEDURES

Die vars navrae deur die Valke rakende ons geskille word deur die HSAG verwelkom. Ons glo dat geregtigheid moet seëvier en daarom is ons oop om behulpsaam te wees ten einde vir die beleggers geregtigheid en sluiting te bekom. Dit het egter onder ons aandag gekom dat sommige beleggers sukkel om die fundamentele verskille tussen siviele en strafregtelike verrigtinge in die Suid-Afrikaanse reg te begryp. Hierdie onderskeid is belangrik vir ons lede. Die Valke sal strafregtelik ondersoek indien hulle besluit om te vervolg. Die HSAG-eise hou verband met siviele prosedures.

In strafsake bestry die staat 'n beskuldigde. In siviele sake is 'n eiser teen 'n verweerder (in 'n siviele aksie), of 'n applikant teen 'n respondent (in 'n siviele aansoek). Siviele aangeleenthede is privaat van aard (in teenstelling met publiek), aangesien partye die besluit moet maak om sake te inisieer en voort te sit. As die partye dus nie die saak voer nie, sal nie die staat of die hof ingryp nie. Niks sal gebeur tensy die eiser of applikant stappe neem om die onderskeie prosesse te begin nie.

In strafsake moet die skuld van 'n beskuldigde bo redelike twyfel bewys word. In siviele sake hoef die aanspreeklikheid van 'n verweerder of respondent slegs op 'n oorwig van waarskynlikhede bewys te word. Wat sanksies betref: 'n beskuldigde wat in strafregtelike aangeleentheid skuldig bevind word, word gestraf met 'n boete of gevangenisstraf of albei. 'n Verweerder of respondent wat in 'n siviele saak bevind word aanspreeklik te wees, moet gewoonlik skadevergoeding betaal of 'n diens aan die eiser of applikant verrig. Die doel van strafregtelike verrigtinge is nie hoofsaaklik om geldelike vergoeding te verkry nie, maar is eerder op vergelding, afskrikking, rehabilitasie en onbekwaamheid gerig. Geldelike vergoeding aan die slagoffers kan wel gelas word ooreenkomstig Artikel 300 van die Strafproseswet, maar dit is nie altyd die geval nie. Wat siviele aanspreeklikheid betref, bevat siviele vonnisse dikwels 'n bevel vir die betaling van geld.

Klaarblyklik is die siviele prosedure van toepassing op die siviele reg en die strafregtelike proses is van toepassing op die strafreg. Siviele proses is die proses waardeur 'n eis ingestel word. Dit is die siviele prosedure wat die meeste van die HSAG - en CCAF-sake se tyd opneem. Dit is ongelukkig 'n baie tydsame proses gegewe die respondente se

aandrag om die regsproses te vertraag, maar die regspan is, soos altyd, daartoe verbind om geregtigheid te bekom vir die beleggers in die HS-sindikasies.

6. HSBF BRIEF VAN 7 APRIL 2021

Soos voorheen in HSAG nuusbriewe gemeld sal die HSAG nie meer ons tyd mors aan onnodige lokvalle van Mnr Georgiou nie. Die gerugte loop lank reeds dat Helgard Hancke nie meer sy vermeende maandelikse R70 000.00 by Mnr Georgiou kry nie – hy kan immers nie waarde toevoeg nadat hy destyds met groot trompetgeskal (fanfare) probeer het om die klas-aksie te ontspoor nie. Nodeloos om te meld was Hancke nie suksesvol nie. Sedert 2018 verskyn sy naam nie meer op HSBF nuusbriewe nie en is dit slegs Georgiou se spookskip wat beleggers wil bangpraat.

Dis tekenend dat die HSBF geen nuusbriewe in 6 maande gestuur het nie, maar noudat HSAG lede bydraes moet maak, die aptytlose aandele opsie weer voorgehou word. Die HSBF brief hou weereens dieselfde twee opsies aan die Hoëveld Sindikasioe beleggers voor as voorheen, naamlik die 25% Accelerate aandele opsies. Die HSAG is steeds van mening dat hierdie opsies verregaande is en nie in die beste belang van beleggers is nie. Op die oomblik, as daar gekyk word na die Accelerate aandele se markwaarde soos op 21 April 2021, sal die neem van die opsies slegs 'n 8,01% terugbetaling van u oorspronklike belegging wees. Die absurde aandeleprys in Mnr Jacques du Toit se sakereddingsplan van 2019 was R7.99 gewees en is die ware prys is slegs 69c.

Die HSAG is ook bewus van die vrees van likwidasioe van Orthotouch en Zephan wat deur die HSBF aangevuur word. Die HSAG wil graag aan beleggers uitwys dat ons aangeleenthede nie net teen hierdie twee entiteite ingestel is nie, maar ook teen verskeie ander entiteite en rolspelers.

Die HSBF stuur jaarliks 'n brief sodra die HSAG hul jaarlikse minimale opvraging maak. Dit is duidelik dat hierdie slegs 'n holrug geryde Georgiou tegniek is wat deur die teenkant gebruik word ten einde die HSAG van lede te verarm en dus ons aangeleenthede in die wiele te ry.

HSAG lede moet egter self besluit watter roete hulle wil volg.

7. BELANGRIK: GEBRUIK VAN KORREKTE E-POS ADRESSE

Die korrekte gebruik van e-pos adresse (soos vervat op ons webtuiste en e-posse) asook HSAG-lede se voorletters en van, sindikasiennommers en verwysingsnommers (bv. identiteitsnommer ens.) vir alle kommunikasie, is uiters noodsaaklik en verpligtend. Versuiming om hieraan te voldoen kan die gevolg hê van onnodige vertraginge of dat u geen antwoord sal ontvang nie.

Die amptelike en bestaande e-pos adresse vir die HSAG, is as volg:

- **hsactiongroup@gmail.com** vir alle Algemene Navrae (Byvoorbeeld – selfoon of adres veranderinge, betalingsbewyse, kennis van lede wie gesterf het, ensovoorts);
- **hsagenquiries@gmail.com** vir Spesifieke Navrae (Byvoorbeeld – navrae rakende besonderhede van 'n spesifieke belegger, navrae rakende kwytstelling van 'n spesifieke belegger, ensovoorts);
- **hsagregister@gmail.com** vir die Registrasie en Deregistrasie van HSAG- lede;
- **hsagwhistle@gmail.com** vir alle Vertroulike Inligting wat anoniem aan ons gestuur moet word;
- **hsagstates@gmail.com** vir alle Boedel navrae.

Die amptelike en bestaande e-pos adresse vir CCAF (gesertifiseerde HS 21 & 22 klas-aksie), is as volg:

- **accounts@ccaf.co.za** vir betalingsbewyse
- **admin@ccaf.co.za** vir die amptelike versoek vir afbetaling-vorm
- **enquiries@ccaf.co.za** vir ander CCAF navrae

Indien 'n belegger of enige persoon 'n epos na die verkeerde adres sou stuur sal dit daartoe lei dat daardie e-pos nie spoedig of enigsins die nodige aandag geniet nie. Indien u nie verder enige verdere e-posse wil ontvang nie, stel ons ook asseblief skriftelik in kennis daarvan.

Indien u 'n vraag het rakende die maandelikse staat of nuusbrief, moet asseblief nie antwoord op die e-pos van **admin3@theronlaw.co.za** nie, maar gebruik eerder die korrekte e-pos adres soos hierbo uiteengesit.

8. BELANGRIKE ALGEMENE TERME EN VOORWAARDES

Die algemene en herhalende terme, voorwaardes en ander algemene inligting wat voorheen in die Nuusbrief vervat was, word nou beskikbaar gestel op die HSAG se webtuiste by www.hsaction.co.za en kan direk besigtig word by die volgende skakel: <http://hsaction.co.za/wp-content/uploads/2020/01/HSAGTsCs.pdf>

Die HSAG Bestuur wil iedere en elke lid alle voorspoed en sukses toewens met die afsienbare toekoms.

Vriendelike groete

HSAG-Bestuurskomitee

Kontak die HSAG en prokureurs by:

Tel: (021) 887 7877

hsactiongroup@gmail.com



AFRIKAANS HIERBO

MONTHLY NEWSLETTER: APRIL 2021

This newsletter is addressed to you as a member of the Highveld Syndication Action Group (“HSAG”) on account of you having made an investment in the Highveld Syndication Companies 15-22 and/or support of the HSAG.

This email is confidential and is exclusively meant for the addressee. If you have received it in error/ wrongly, please notify the sender immediately at hsagenquiries@gmail.com and delete it. You may not copy, disclose or deliver any email received in error or any part of it to anyone else. HSAG’s webmaster uses antivirus software to prevent viruses and other malicious code. However, such software cannot prevent or eradicate all such code. The HSAG or its representatives will not be liable for any loss, harm or damage whatsoever arising from receipt or use of this email or otherwise, whether arising through negligence of the HSAG, its members, steering committee, and agents or otherwise.

The www.hsaction.co.za website is the primary place where you will find HSAG information, subject to the disclaimer contained therein (and also applicable hereto), although emails are also sent out from time to time.

The obligation to keep us up to date of any changes to your personal and/or contact details as well as to make sure that the contents of your monthly statements are correct rests on you as HSAG member.

HSAG OFFICIAL NEWSLETTER –CONTENTS

1. INTRODUCTION
2. HS 21 & 22 CCAF AND PAID UP HSAG MEMBERS DEADLINE OF 30 APRIL 2021
3. PROCESS OF CERTIFICATION
4. HS21B INVESTORS
5. CIVIL VERSUS CRIMINAL PROCEEDINGS
6. HSIF LETTER OF 7 APRIL 2021
7. IMPORTANT: USE OF THE CORRECT EMAIL ADDRESSES
8. IMPORTANT GENERAL TERMS AND CONDITIONS

1. INTRODUCTION

This has been an extremely busy month for the HSAG and its legal team.

The HSAG Legal team, in conjunction with the Steering Committee, has worked tirelessly to read and scrutinize the affidavits filed by the Georgious and Hans Klopper in the DECA matter. These affidavits, together with voluminous annexures comprises hundreds of pages. The legal team together with the steering committee functioned very efficiently and we have made considerable progress.

The CCAF matter has also moved forward and we have received the First and Third to Fifth Respondents' Answering Affidavit in the Counter Application in Rule 30(1) proceedings. The contents of this document will be dealt with in more detail below.

In addition to the abovementioned goings-on, the legal team believes it prudent to set out the steps involved in certain class-action-specific legal matters in this month's newsletter. For example, the process of certification: what does it entail and why is it such a prolonged process? Some investors still wonder what the role of the Hawks is in the HSAG and CCAF matters. Accordingly, we will briefly discuss the difference between civil- and criminal procedures. We will also give an overview of the HS21B group of investors. We believe that readers of the newsletter will gain some much-valued insight into the legal procedures we have to abide by, from our setting out these legal processes in more detail.

Finally, we hope that everybody is healthy and excited for a return to normality following the devastating effects of the pandemic.

2. HS 21 & 22 CCAF AND PAID UP HSAG MEMBERS DEADLINE OF 30 APRIL 2021

The HSAG management would like to remind HSAG members who are also part of CCAF of the deadline to be paid up by 30 April 2021. These members will receive 'n relief regarding their CCAF requisition for 2021 as a gesture of appreciation for the years' contributions to get the HSAG and CCAF matters at these advanced stages. The number of paid-up HSAG members will be indicative of what relief can be granted.

3. PROCESS OF CERTIFICATION

It is presumably common knowledge at this point that CCAF is a certified class action. We have received queries as to what exactly this entails and why it is such a crucial step in a class action. South African law requires that one must obtain leave from the court to institute a class action, which results in certification of the class.

Certification is therefore an integral part of our class action –and indeed every class action- and as such is a very time-consuming process. That is why obtaining certification in the CCAF judgment was such a victory for investors and the legal team alike.

The HSAG's DECA matter is still in the process of certification. Currently our legal team is busy exchanging affidavits and other legal documents, with the goal of obtaining certification as soon as possible.

Tolmay J, in the fast track application, referred to the *Children's Resource Centre Trust and Others v Pioneer Food (Pty) Ltd & Others* case, where the factors that should be considered in the event of a proposed class action were effectively set out. According to the judgment, certification requires firstly the definition of a class; secondly, the identification of some common claim or issue that can be determined by way of a class action; thirdly, some evidence of the existence of a valid cause of action; fourthly, the court being satisfied that the representative is suitable to represent the members of the class; and finally, the court being satisfied that a class action is the most appropriate procedure to adopt for the adjudication of the underlying claims. Tolmay believed that the CCAF application satisfied all of these requirements and also referred to the legal team's "commitment to and ability to conduct the litigation".

Theron & Partners are seeking a similar conclusion in the DECA matter. If we can convince the court that we satisfy the abovementioned requirements, as we did in the CCAF matter, then we will be able to obtain certification. If that happens then we will be well on our way towards successfully litigating. Once a class has been certified, the matter will proceed by way of trial action. This is what our opposition are trying to prevent us from doing.

We hope that this clarifies any question you may have had.

4. HS21B INVESTORS

This group of investors was regarded from the outset by Mr Georgiou and thereafter by Mr Hans Klopper, as part and parcel of the HS 21-22 group. Georgiou's latest actions however drives a wedge between them and the rest of the investors. The total value of the HS21B investment is less than 3% of the total value of the HS15 - 22 investors investment. The HSAG and its legal team will do everything in their power to keep them part of the HSAG and CCAF certification process. We have received numerous queries relating to this group. As such we have decided to provide readers with an extract from one of our recent court papers. This group was described, in paragraph 2.1 of our (Conditional) Counter Application to the Rule 30(1) Application – (Second) Fast Tracking – of HS21B investors' alternative claims, as follows:

“...investors who have bought ‘oversold’ shares from Zephan Properties (Pty) Ltd (‘Zephan’) in either Highveld Syndication no 21 Ltd or Highveld Syndication no 22 Ltd (which shares were not initially subscribed to by members of the public and then purported to be taken up by Zephan)”

This group has been the subject of intense scrutiny and attacks by the opposition's legal team and forms the basis of the First and Third to Fifth Respondents' Answering Affidavits: Counter Application in Rule 30(1) Proceedings. The opposition contends that this group should not form part of the Certified Class Action. The HSAG's legal team is currently busy finalising the answering papers on this topic. Everybody has always- and continues to- maintain that this group is part of the HS21 group and we believe that this is the correct approach. Notwithstanding this, we have a contingency in place by way of asking the court to confirm that this group be included in the Fast Track Application if necessary, although we do not believe it to be strictly necessary.

5. CIVIL VERSUS CRIMINAL PROCEEDINGS

The fresh enquiries by the Hawks relating to our disputes have been welcomed by the HSAG. We believe that legality should prevail and as such we are open to helping investors receive justice and closure by assisting where we can. It has come to our attention however that some investors are struggling to understand the fundamental differences between civil- and criminal proceedings in South African Law. This distinction is important for our members. The Hawks will be conducting a criminal investigation, if they decide to prosecute. The HSAG claims relate to civil procedures.

In criminal cases, the state combats an accused. In civil cases a plaintiff is set against a defendant (in a civil action), or an applicant is set against a respondent (in a civil application). Civil matters are private in nature (as opposed to public), as it is up to the parties themselves to initiate and pursue matters. Therefore, if the parties fail to pursue the matter, neither the state nor the court, will intervene. Nothing happens unless the plaintiff or applicant takes steps to initiate the various processes.

In criminal cases the guilt of an accused must be proved beyond a reasonable doubt. In civil matters the liability of a defendant or respondent need only be proved on a balance of probabilities. With regards to sanctions: an accused found guilty in criminal proceedings is punished by means of a fine or imprisonment or both. A defendant or respondent who is found liable in a civil matter must usually pay damages or perform some service for the plaintiff or applicant. The goal of criminal proceedings is not mainly to obtain monetary compensation, but rather is aimed at retribution, deterrence, rehabilitation and incapacitation. Monetary compensation to the victims may however be ordered in accordance with Section 300 of the Criminal Procedure Act but this is not always the case. When it comes to civil liability, civil judgments often include an order for the payment of money.

Evidently, civil procedure is applicable to civil law and criminal procedure is applicable to criminal law. Civil procedure is the process whereby a claim is instituted. It is civil procedure that comprises the majority of time the legal team spends on the HSAG – and CCAF cases. This is unfortunately a very tedious process given the opposition's

insistence on dragging out due process, but the legal team is, as always, committed to seeking justice for the investors in the HS syndications.

6. HSIF LETTER OF 7 APRIL 2021

As previously reported in HSAG newsletters, the HSAG will no longer waste time on the unnecessary traps of Mr Georgiou. Rumour has it that Helgard Hancke no longer receives his reputed monthly R70 000,00 from Mr. Georgiou - he can no longer add value after he previously tried to derail the class action with great fanfare. Needless to say, Hancke was not successful. Since 2018, his name no longer appears on HSIF newsletters and it is only Georgiou's ghost ship that attempts to scare investors.

It is telling that HSIF has not sent any newsletters in 6 months, but now that HSAG members have to make contributions, the unappetizing stock option is being presented once again. The HSIF letter again presents the same two options to the Highveld Syndication investors as before, namely the 25% Accelerate share options. The HSAG still believes that these options are outrageous and not in the best interests of investors. At the moment, if you look at the market value of the Accelerate shares as on 21 April 2021, taking the options will only be a 8.01% payback of your original investment. The absurd share price in Mr Jacques du Toit's business rescue plan of 2019 was R7.99 and the real price is only 69c.

The HSAG is also aware of the fear of liquidation of Orthotouch and Zephan fuelled by the HSIF. The HSAG would like to point out to investors that our legal proceedings are not only against these two entities, but also against various other entities and role players.

The HSIF sends an annual letter as soon as the HSAG makes their annual minimal requisition. It is clear that this is only a worn-out Georgiou technique used by the respondents in order to impoverish the HSAG of members and thus put our affairs in jeopardy.

HSAG members must decide for themselves which route to take.

7. IMPORTANT: USE OF THE CORRECT EMAIL ADDRESSES

The correct use of e-mail addresses (as stipulated on our website and e-mails) as well as HSAG members' initials and surnames, syndication numbers and reference numbers (e.g. identity number, etc.) for all communications are essential and obligatory. Failure to comply herewith may lead to unnecessary delays or any reply at all.

The official and existing e-mail addresses for the HSAG are as follows:

- **hsactiongroup@gmail.com** for all General Enquiries; (For Example - to change contact details, Proof of Payments, Death of a Member etc.);
- **hsagenquiries@gmail.com** for Specific Enquiries; (For Example requesting information/statements regarding a specific member, exemption queries for a specific member);
- **hsagregister@gmail.com** for the registration and deregistration of HSAG members;
- **hsagwhistle@gmail.com** for all Confidential Information that you would like to send to us anonymously;
- **hsagestates@gmail.com** for all estate related questions.

The official and existing e-mail addresses for CCAF (HS 21 & 22 certified class action) are as follows:

- **accounts@ccaf.co.za** for proof of payments
- **admin@ccaf.co.za** for the official request to pay registration fees over 6 months - form
- **enquiries@ccaf.co.za** for all other CCAF questions and enquires

If an investor or any person sends an email to the wrong address, it will result in the email not receiving the speedy or necessary attention, if any. If you do not wish to receive any further emails, please inform us thereof in writing.

If you have a question regarding your monthly newsletter or statement, do not reply to the e-mail from **admin3@theronlaw.co.za** but use the correct email address as set out above.

8. IMPORTANT GENERAL TERMS AND CONDITIONS

The general and repetitive terms, conditions and other general information that was previously contained in the Newsletter, is now available on the HSAG website at www.hsaction.co.za and can directly be accessed via the following link: <http://hsaction.co.za/wp-content/uploads/2020/01/HSAGTsCs.pdf>

The HSAG Steering Committee wishes prosperity and success to each and every member for the foreseeable future.

Kind regards

HSAG Steering Committee

Contact the HSAG's attorneys at:

Tel: (021) 887 7877

hsactiongroup@gmail.com